Dokument 4: Kennisgewing van Dr. Herman Uÿs (Smiling Orthodontics) se finansiële beleid en u verantwoordelikhede

Aan al ons gewaardeerde kliënte/pasiënte

Ons bevestig hiermee ons verbintenis tot die toepassing van die beginsels soos vervat in die Wet op Nasionale Krediet, Wet 34 van 2005. Ons vestig u aandag daarop dat ons nie noodwendig die fooi vra wat u mediese fonds vir ortodonsie toestaan nie. Mediese fondse verskil baie betreffende die finansiële voordele wat hulle vir verskillende mediese ingrepe toestaan. **Die verantwoordelikheid berus by u om uit te vind wat u eie finansiële verpligting met betrekking tot die beoogde ortodontiese behandeling gaan wees.**

- Elke hooflid van die mediese fonds is self verantwoordelik vir die betaling van sy/haar rekening, ongeag die voordelestruktuur wat sy/haar fonds bied.

- U rekening moet asseblief binne 60 dae betaal word.

- Geen oproepe kan na u gemaak word om u te verwittig wanneer u rekening agterstallig raak nie. Dit is u verantwoordelikheid om maandeliks u rekening na te gaan.

- U is daarvoor verantwoordelik om seker te maak dat u mediese fonds wel u rekening ontvang het. Ons stuur nie noodwendig u rekening na die mediese fonds toe nie.

- Ons pos maandeliks aan u ‘n rekening waarop u kan sien wat die stand van u rekening is. Dit is u verantwoordelikheid om ons in kennis te stel indien u nie ‘n rekening ontvang het nie, of indien daar enige probleme met u rekening is. Ons finansiële beleid is van krag, ongeag of u ‘n rekening ontvang het of nie.

- Ons verskaf aan U die nodige verslae om toestemming vir die behandeling te verkry. U is egter persoonlik daarvoor verantwoordelik om voorafmagtiging vir die behandeling te kry, asook uit te vind wat u mediese fonds se jaarlikse limiet op ortodonsie is voordat ons met die behandeling begin.

- Daar is ‘n 7%-korting vir kontant indien u die volle rekening (gekwoteerde bedrag) met die aanvang van die behandeling, dus die banderingsafspraak, betaal word.

- Indien ons regstappe moet neem om agterstallige rekeninge in te vorder, sal u vir alle regskoste aanspreeklik gehou word. U sal ook aanspreeklik gehou word vir u volle rekeninge en dus alle gelde wat op daardie tydstip aan die praktyk verskuldig is. Indien u in gebreke bly om aan hierdie finsiële beleid te voldoen, het u volgens bogenoemde Wet 35 van 2005 die reg om op u eie koste die hulp van ‘n skuldberader te bekom, sodat ons oor ‘n betalingsplan kan ooreenkom om reëlings ten opsigte van die uitstaande rekening te tref.

- Indien u nie by die voorgelegde finansiële beleid hou nie, behou ek (Dr. Herman Uÿs) die reg voor om, met oorhandiging en invordering van u skuld, alle aktiewe behandeling te staak. Enige nooddiens sal dan op n suiwer kontantbasis geskied.